Ps. 105: 1, 3.
Ges. 95: 4
Ges. 100: 1, 2
" 125: 5

# Gedaanteverandering

Ex. 34: 28-35;
2 Kor. 3: 1-18

N/Aut. 13 Aug. 1961.
Ros.ville 15 Okt. 1961

2 Kor. 3: 18 - En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlikheid v.d. Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die ~~Gees~~ Here wat die Gees is.

Gedurig worstel die eerlike Christen m.d.v.: „Hoe kan ek 'n beter Xten word? Hoe kan ek nader kom aan die hoë eise wat Xtus stel vir sy volgelinge: offerwaardigheid, reinheid, eerlikheid, nederigheid? Hoe sal ek dit bv. regkry om meer tyd op te offer om Bybel te lees, om te bid, om kerk-toe te gaan, om deel te neem aan bepaalde Xtl. werk? Die lewe eis so baie van my op – my werk, huis, sos. verpligtinge – dat daar net nie tyd oorbly vir die Here nie!"

En dan word u bewus hoedat stadig maar seker die persoonlike verbintenis tussen u en Xt. swakker en flouer word, dat u al verder en verder wegdryf van die ideaal om soos Xtus te word! Hoe moet 'n Christen hd. gwaar die hoof bied?

Die saak word deur Paulus baie duidelik behandel in sy 2e brief a.d. Korinthiërs. Daar noem hy die Xtene sy brief „geken en gelees deur alle mense". As ons nou dink aan alles wat d. Xtene van K. gedoen het, moet ons eerlik sê: Hulle lewe was nie juis 'n baie mooi brief nie! Daar was onsedelikheid, onenigheid, twiste, partyskappe ---- Paulus se antwoord:

Miskien juis daarom wys P. op die verandering wat die Xten kan ondergaan. Hier in ons teks wys hy op:

I Die Vereistes vir Verandering

II Die Vrug v.d. "

I <u>Die Vereistes vir Verandering</u>: Wat is nodig dat ek meer en meer soos Xtus word? Paulus beskryf dit so: „En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlikheid v.d. Here aanskou"

① <u>Die heerlikheid v.d. Here</u>: Dit was Moses se groot hartsbegeerte: om d. heerlikheid v.d. Here te sien. Na sy innige omgang met God in die tent van samekoms is dit sy een versoek: „Laat my tog u heerlikheid sien" En dan antwoord God: „Geen mens kan my aangesig sien en lewe nie". Dit was steeds d. boodsk. v.d. hele O.T.: God is te groot en te verhewe om ooit deur 'n mense-oog aanskou te word. Sy heerlikheid bly bedek!

② Maar wat help dit dan om dit in 'n <u>spieël</u> te wil sien? ~~D. Glans dit was ... spieëls van ads. tyd = onduidelik: somtyds baie skurwe en verbleikend~~ Wat bedoel P. as hy dit sê? Die antw. vind ons in vers 14 waar P. duidelik wys dat vir die Jode tot vandag toe nog die bedekking bly – die skrif nie gelig – m. dat d. sluier in Xtus vernietig, weggeneem is! M.a.w.: <u>Xtus is die spieël</u>, <u>die weerkaatsing v.d. glans v. d. glorie v. God</u>. <u>In Hom</u> aanskou ons d. heerlikheid van God! Wie Hom ken, ken die Vader: Hy is die aardse Beeld v.d. hemelse Vader!

3) <u>aanskou</u>: Nie toevallig raaksien of net so oppervlakkig raaksien nie, maar lank, aandagtig, vorsend, verlangend kyk – m.d. duid. oogmerk om te leer, in te neem! Dis nie 'n passiewe, belanglose kykery soos iemand wat behaaglik 'n opera-toneel sit en ~~aanskou~~ bekyk nie, m.a. met intense belangstelling; hele wese toegespits en ingespan om alles op te neem!

→ <u>Wat dus nie nodig is</u>: Krampagtige pogings ~~tot~~ selfverbetering, selfmarteling + kastyding, indruk maak, in guns wees by mense!

→ <u>Wat wel nodig is</u>: Xtus baie meer persoonlik leer ken

II <u>Die Vrug v.d. ~~Verandering~~ Aanskouing</u>: <u>Teks</u>

1) <u>Ons word verander</u>: Die wd. eintlik = transformeer = duid. sigbare verandering, onmiskenbaar van so 'n aard dat dit nie verborge kan bly nie! Dis dies. wd. wat Matt. en Mk. v. Xtus gebruik om d. gedaanteverandering op d. berg v. verheerliking te beskrywe. Ons: ons is nie meer dies. mense nie (deels 'n onbewuste, deels 'n bewuste proses)

2) <u>Dis 'n gedaanteverandering</u>: Ons diepste wese, ons mens aard word nie verander nie – dit bly wat God dit gemaak het maar:

- ons persoonlikheid word vermink
- ons gesondhede word gesnoeier
- ons lew. uitkyk " verander
- ons maatstawwe " gevaarlik
- ons karakter " gelouter
- ons lewe kry nuwe doel en inhoud!

3) Na dieselfde beeld:

4) „Van heerlikheid tot heerlikheid"

5) As deur die Here wat die Gees is